

## Skrik wakker oor water “Ons sal doodgaan van siektes, dors en honger...”

Anita Morkel

Die vakbondwese sal vroeg aanstaande week weer by die Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) met die regering byeenkom oor die moontlikheid van 'n protesaksie indien waterbesoedeling nie aangespreek word nie.

Mnr. Andre Venter, die afdelingsbestuurder van strategiese ontwikkeling by die vakbond, Uasa, sê Nedlac sal waarsynlik 'n taakspan saamstel om na waterbesoedeling te kyk. Met verwysing na die feit dat die regering hulle tot op datum oënskynlik nie steur aan die stemme wat opgaan oor waterbesoedeling nie, het hy opgemerk: “soms raak mens

gefrustreerd, en die bekomernis bly in jou agterkop maal om iets anders te doen om 'n reaksie van die regering te kry”.

In 'n mediaverklaring wat Uasa, (wat by Fedusa geaffilieer is) die afgelope week uitgereik het, word daar gesê dat die vakbond nie verbaas is dat verskaffers *Escherichia coli* (*E. coli*) bakterie gekry het in vrugte wat aan Woolworths verskaf word nie. Daar word ook verwys na die onlangse aansoek wat Uasa by Nedlac gedoen het ingevolge Artikel 77 van die Wet op Arbeidsverhoudinge omtrent watersekuriteit in Suid-Afrika. Die vakbond het onder meer gewaarsku teen die dodelike gesondheidsgevaar

van besoedelde waterbronne.

Daar word ook in die verklaring opgemerk dat Uasa meen dat Nedlac opdrag moet gee dat 'n makro-ekonomiese impakstudie onderneem moet word omtrent die impak van Suid-Afrika se omvangryke waterprobleme op ekonomiese groei, sosio-ekonomiese toestande, werkskepping, armoede en mededingendheid. Die watersituasie noop tot drastiese en dringende ingryping is ten slotte opgemerk.

Fedusa het in sy aanvanklike voorlegging by Nedlac met verwysing na suur mynwater gesê: meer as 'n honderd myne in die land opereer sonder 'n geldige waterlisensie, waarvan die meerderheid in die Noord-



Mnr. Louis Meintjes

Transvaal is. Weens die agteruitgang van die grond- en oppervlakte water kan boere nie met besoedelde rivierwater besproei nie en die diere in die Kruger Wildtuin en ekosisteme in die hele land is in gevaar. Daar is ook verwys na munisipale riool-aanlegte wat heeltemal verval het want plaaslike owerhede het nie meer die kundige mense wat beskik oor

die nodige vaardighede om die aanlegte te onderhou nie.

“Ons sal doodgaan van siektes, dors en honger as mense nie saam gaan kyk na waterbesoedeling nie. Dit is nie net 'n TLU SA-saak nie, maar elkeen moet verantwoordelikheid daarvoor aanvaar”.


“Trouens, ons het ook 'n Christelike verantwoordelikheid om na ons omgewing om te sien,” het die adjunk-president van TLU SA, mnr. Louis Meintjes gesê oor die hele kwessie van waterbesoedeling wat opnuut aandag geniet nadat Woolworths

bekend gemaak het dat *E. coli* bakterie in vrugte gekry is wat aan dié winkelgroep voorsien word.

Mnr. Meintjes het verwys na die Leerstoel in Waterkwaliteit en Voedselsekerheid wat die TLU SA begin het. Dit sal nou prakties geïmplementeer moet word óók ten opsigte van befonding. As voorbeeld van die praktiese implementering daarvan het hy verwys na die algemeen bekende feit dat die Olifantsrivier besoedel is, maar dat daar gekyk

Vervolg op bladsy 11

## Jakarandakoors






In Oktober blom duisende jakarandabome in Pretoria en word die stad in pers getooi.

Die jakarandas wat Pretoria ken, is *Jacaranda Mimosifolia* wat ook as die blou jakaranda bekend staan en oorspronklik van Suid- en Sentraal-Amerika kom. Die eerste twee jakarandas is by 'n skool in Pretoria geplant. Die regering het dié boomsoort enkele jare gelede as 'n indringerplant verklaar en eendag sal Pretoria nie meer as die Jakarandastad bekend staan nie. Daar word gesê as 'n jakarandabloeisel op 'n student se kop val, sal hy sy eksamen slaag.

Rose en eike is ook uitheemse plante, maar hulle status is veilig in Suid-Afrika.

## Waterbesoedeling: Vertoë val op dowe ore



Sedert Jacob Zuma se aanwysing as president, het TLU SA tydens vyf geleenthede gesprek met hom oor landbou- en aanverwante sake gevoer. Tydens elke geleentheid, is die unie se ernstige kommer oor die realiteit van besoedelde waterbronne en die implikasies daarvan op beide voedselsekerheid sowel as voedselveiligheid benadruk. Presies dieselfde trant is gevolg tydens gesprekke met mev. Tina Joemat-Peterson, die minister van landbou, bosbou en visserie. Pogings om met die minister van waterwese oor dieselfde onderwerp in gesprek te tree, het telkens op dowe ore geval.

Só lui 'n verklaring wat deur TLU SA uitgereik is.

“Intussen bevestig onlangse mediaberigte die werklikheid

van groeiende kommer oor voedsel wat besoedel is vanweë die feit dat gewasse en lewende hawe afhanklik is van water waarin daar giftige swaar metale, chemikalieë en afvalstowwe voorkom. Dit is reeds bekend dat die mynweese, industrieë, landbou en munisipaliteit die grootste bydrae tot bestaande besoedelingsvlakke maak.

“Volgens mnr. Louis Meintjes, adjunk-president, besef TLU SA dat boere self aandadig tot besoedeling is wanneer kunsmis en gifstowwe onoordeelkundig gebruik word en juis dit het aanleiding gegee dat 'n Omgewingsbestuurskomitee twee jaar gelede in die lewe geroep is om boere te adviseer oor gesonde praktyke. Daarbenewens was die unie in-

strumenteel in die stigting van die Nasionale Waterforum en die onlangse daarstelling van 'n Leerstoel vir Waterkwaliteit en Voedselsekerheid by die WNNR. Sodoende trag die unie om deur middel van doelgerigte forums waarop die belangrikheid van toegang tot goeie water besef word, met alle rolspelers in gesprek te tree.

Dit is egter laat in die dag en talle boere wat onwetend van besoedelde waterbronne afhanklik is in die produk-

sie van voedsel, staar finansiële ondergang in die oë indien produkte nie aan gestelde standaarde voldoen nie. Indien die owerheid wat eksklusiewe grondwetlike voogdyskap oor die land se waterbronne uitoefen, nie ingrypende maatreëls in plek gaan sit om die besoedeling van waterbronne te stop en reg te stel nie, sal die aanspreklikheid vir boere wat genoodsaak is om landboubedrywighede te staak, voor die deur van die regering gelê moet word,” luidens die verklaring.

### Visie van die HNP

HNP Program van Beginsels, art 4.1:

“Die HNP streef na die vestiging van 'n eie, soewereine staat vir die Afrikaner- otfewel Boerevolk in 'n eie vaderland onder 'n volkseie owerheid”.



## Pronto

Major Structural Repairer

- \* PANEELKLOP \*
- \* SPUITVERF \*
- \* INSLEEDIENS \*
- \* PANELBEATING \*
- \* SPRAYPAINTING \*
- \* TOW-IN \*

Dawestr 94 Postnet Suite 202  
P/Sak X82329 Rustenburg 0360  
Tel: (014) 596 6727 / 596 6430 / 596 5372  
Faks: (014) 596 6321 N/u (014) 533 2995  
e-pos: sanjon@mweb.co.za  
e-pos: johan@prontopanelbeaters.co.za  
www.prontopanelbeaters.co.za  
Johan - sel: 082 920 5318 Andre - sel: 082 888 9478

DIE

**AFRIKANER**Posbus 1888, PRETORIA. 0001  
<http://www.hnp.org.za/afrikaner/>**Nie net blote toeval**

Die nadelige uitwerking wat die regering van die ANC-regime op ons landsake en die gemeenskapslewe het, kan nie net aan die toeval of onbevoegdheid toegeskryf word nie. Daar's 'n verskuilde blatantheid in regerings-optrede wat dag na dag die ekonomie, die landbou, en daarmee ook voedselsekerheid, ondermyn.

Woordvoerders van die georganiseerde landbou, veral dié van die TLU SA, het die afgelope aantal dae gewaarsku dat die departement van waterwese hom nie steur aan sy pleidooie en voorstelle rakende die gehalte van Suid-Afrika se water, wat by die dag versleg en sowel die natuurlewe as die landbou erg benadeel.

Die winkelkettinggroep, *Woolworths*, wat bekend is vir die goeie gehalte van die voedsel op sy rakke, het bekend gemaak dat sy rakke leegloop omdat sekere voedselsoorte wat deur die landbou voorsien word, weens besoedelde water nie meer geskik is vir menslike verbruik nie.

Ons beskou die departement se houding as 'n aanduiding dat hy sy rug gekeer het op die land se meestal blanke, kommersiële boere. Ander regeringswoordvoerders probeer hierdie feit verdoesels deur voor te gee dat hulle met die landbousektor saamwerk. Hierdie soort van optrede sien ons al langer as sestig jaar in lande wat aan die kommunistiese ideologie van hul regerings onderwerp is.

Die adjunk-president van TLU SA, mnr. Louis Meintjes, het dan ook in 'n mediaverklaring daarop gewys dat die Unie sedert Jacob Zuma se aanwysing as president tydens vyf geleenthede met hom in gesprek was oor landbou en verwante sake.

Soortgelyke gesprekke is met die minister van landbou, Tina Joemat-Peterson, gevoer, maar die departement van waterwese het die Unie se pogings om met hulle oor dieselfde onderwerp te praat, verontagsaam. Uit hierdie werklikhede kom 'n skynbeeld na vore wat per slot van rekening op die lang duur niks goeds vir die landbou inhou nie en tot baie boere se ondergang lei.


Die *Afrikaner* wil dit beklemtoon dat die oogmerke van die *Freedom Charter* sodoende deur die *regime* gedien word.

Terwyl die ANC se onnadenkende en oningeligte stemme die ANC aan bewind hou, sal hierdie afbrekende beleid voortduur.

Ons het die afgelope aantal dae ook gesien watter soort aanstellings in die regbank gedoen word. Dis 'n regbank wat stadig maar seker aan die wil van die ANC-regime onderwerp word en waaroor *Die Afrikaner* in die verlede dikwels gewaarsku het.

In hierdie uitgawe van *Die Afrikaner* word daar ook in 'n berig op bladsy 3 getoon hoe plaaslike owerhede van die ANC hoefbevele ignoreer sodat besoedeling van sowel maatskaplike as biologiese aard mag hoogty vier.

Dit dien ook vermeld te word dat die lewensverwachting in lande soos Botswana en Namibië gemiddeld hoër is as in Suid-Afrika.



Dit was in die jongste tyd nogal opvallend dat daar berigte was oor mense in Duitsland wat na 'n sterk leier soek. Terselfder tyd is vertel dat dieselfde soekery na 'n leier ook in ander Europese lande opgemerk word. Dit was ook interessant om te sien hoe die saak aangebied is.

Al die koerante en media het gesuggereer dat dit 'n soeke na "n nuwe Hitler" sou wees. So 'n regte verlinkse reaksie want alles wat die linkse nie pas nie word in Europa aan Hitler en by ons aan apartheid vasgemaak. Die verlinkse media is nou al vyftig jaar of meer besig om wêreldwyd al wat mens is bang te maak met Hitler of anders met apartheid. Almal ken die storie: as dit nie reën nie, is die rede apartheid; as die matriekksamens nie na wense is nie, is dit as gevolg van apartheid. So is ons gewoon daaraan om nie sommer te glo wat in die media aangebied word nie.

Die soeke na 'n leier in Europa hang saam met die werklikheid wat die Duitse kanselier, Angela Merkel, in hierdie dae na vore

heid, hulle godsdienstige en fisiese aansyn tog grense getrek. Maar in Europa is andersheid nooit apartheid genoem nie, want sien: daar is nie goud en platinum in Europa se aarde nie.

In Suid-Afrika is die onderskeiding tussen mens en mens en die raaksien daarvan, 'n doodsonde in bepaalde kerklike kringe. Daar is geleerde wetenskaplikes wat uitsprake, glo slegs in Engels, gemaak het dat die beeld van God in die mens, deur onderskeiding tussen mens en mens vernietig word. Maar koddig genoeg, nêrens word in die Bybel gepraat van iets soos 'n beeld van God in die mens nie. Tog is hierdie versinsel skynbaar dringend noodsaaklik om die *Afrikaner* nou teologies-gewigdig finaal op sy plek te sit: ver buite die ontfeming van God!

As mens met sulke koddighede beproef word, kan verstaan word dat daar 'n versugting opgaan om tog daarvan verlos te word. Dan kan mens verstaan dat in Europa geoesoek word na leiers wat hulle uit

**PERSPEKTIEF**  
deur Gawie

**Oor leiers en so meer**

gebring het. Sy het gesê dat die poging om 'n multi-kulturele samelewing in Duitsland tot

het. Dit is tog merkwaardig want na die oorlog van 1939 – 1945 het die Westerse besettingsmagte byna uitsluitlik swart troepe in Duitsland gestasioneer om só multi-kulturalisme te bevorder. Daarna is Turke, Arabiere en ander Moslems na Europa gebring om daar die swaar handewerk te doen. Saam met hulle het hulle moskees en die Islam met sy gewoontes gekom. En ondanks al die gepraat van die linkse media, die kerke, die Wêreldraad van Kerke en al die ander professionele drukgroepe het multi-kulturalisme nie gevorder nie.

Skygbaar het die opsigtelike andersheid van daardie immigrante, hulle kulturele anders-

heid, hulle dalk sal verlos van linkse koerante en predikante.

In Europa is daar sosioloë wat al vasgestel het dat hoe meer mense van verskillende aard deurmekaar geroer word, hoe sterker word hulle behoefte om hulle geestesieëndomlike te beskerm en te bewaar. Hoe groter die druk om te integreer, hoe sterker is die geneigdheid om dit te weerstaan. Dan ontstaan die vraag: as daar 'n soeke na 'n leier is om mense en gemeenskappe uit 'n benoende integrasie-situasie uit te lei, waarom moet dit altyd negatief beoordeel word? Wat sou die Pavlovreaksie by die linkses ontlok, die oomblik wanneer gedwonge integrasie teenstand kry? Is lord Alfred Milner wat die *Afrikaner* wou vernietig en uitwis, altyd reg, ook vandag nog? Of is president Paul Kruger wat sy volk wou beskerm en van die Afrikanerland 'n tuiste vir die Afrikaners se

kinders te maak, altyd verkeerd? Waarom is die hebsugtige en die goudgrawers en diegene wat net jaag na aardse welvaart altyd reg? Omdat hulle geld het?

As mens sien hoe die Hollandse koerante byna stik van verontwaardiging omdat Geert Wilders en sy Party vir Vryheid gedwonge integrasie verwerp, dan lyk dit tog of daar êrens 'n slang in die gras is. Die deurmekaar roer van mense en volke, die aftakeling van die Christendom en sy beskawing is skynbaar die grootste ideaal van daardie koerante. Geen weerstand daarteen word geduld nie. Daarby word apostels en profete gewerf en aan die werk gesit om integrasie te bevorder. Ook in Suid-Afrika, FW die Griek het ons mos aangesê dat die *Afrikaner* nie geregtig is op 'n eie land, 'n eie volk, 'n eie taal en 'n eie kultuur nie. Vanweë die bodemykdomme van ons vaderland moet ons uit die pad gevee word. Daarvoor is gedwonge integrasie glo die beste en mees verantwoorde manier om dit te doen.

Miskien is Angela Merkel en Geert Wilders reg.

Dit is duidelik: ons moet, met sorg en aandag, soek na 'n uitkomst uit die slawehuis waarin die integrasiedrywers ons ingelei het. Maar dit help nie om op ons hande te sit en te roep na leiers nie! Ons moet onself 'n slag duidelik vergewis was ons toekomstige idealen vir ons en ons kinders is. Vryheid of slawerny?

As Piet Koornhof reg is, goed – maar volg hom dan na en trek uit ons midde. Moenie in ons pad staan nie! Laat ons toe om te konsolideer en bimekaar te staan, hande te vat sodat ons daardie waardes wat vir ons van belang is, kan beskerm.

En laat die wêreld maar weet: as die Duitsers na meer as vyftig jaar se volgehoue druk, nog nie integrasie aanvaar het nie hoe lank sal dit vat om die *Afrikaner*, wat vanaf 1806 daardie selfde stryd voer, finaal onder die stof te loop?